

WEIERINGSGRONDE: KONTROLELYS OM TE BEPAAL OF EEN OF MEER GRONDE VIR WEIERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING OP 'N REKORD VAN TOEPASSING IS

Openbare liggame (Deel 2 se Hoofstuk 4 van die Wet)

Artikel 34: Verpligte beskerming van privaatheid van 'n derde persoon wat 'n natuurlike persoon is

Stap 1 Bepaal of die rekord 'n derde party betrek.

- (a) Gaan dit oor 'n persoon behalwe die versoeker?
- (b) Gaan dit oor 'n liggaam wat nie 'n openbare liggaam is nie?

Indien "ja" op (a) of (b), dan is artikel 34 dalk van toepassing.

Stap 2 Bepaal watter soort inligting dit is.

- (a) Is die individu meegedeel voordat die inligting verskaf is, dat hierdie soort inligting deur/namens 'n openbare liggaam beskikbaar gestel sal/kan word?
- (b) Is dit inligting wat reeds algemeen beskikbaar is?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, moet toegang verleen word - artikel 34(2)(b) en (c).

Stap 3 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) (i) Is dit inligting oor 'n beampte - huidige/voormalige?
- (ii) Hou dit met die posisie of funksies van die beampte verband?

- Byvoorbeeld:
- Gaan dit oor die feit dat die individu 'n beampte is of was?
 - Gaan dit oor die beampte se
 - titel?
 - werkadres?
 - werktelefoonnommer?
 - soortgelyke besonderhede?
 - Gaan dit oor die beampte se klassifisering?
 - salarisskaal?
 - vergoeding?
 - verantwoordelikhede of posisie?
 - dienste wat deur die persoon gelewer is?
 - Gaan dit oor die naam van die persoon op 'n rekord wat tydens indiensneming opgestel is?

Indien "ja" op (i) en (ii), (enige van die voorbeelde of ander soortgelyke inligting), mag toegang tot inligting nie geweier word nie - artikel 34(2)(f).

- (b) (i) Gaan die inligting oor 'n individu wat oorlede is?
- (ii) Is die versoeker 'n naasbestaande van die individu?

'n Individu se naasbestaande beteken:

- (1) 'n individu met wie die persoon onmiddellik voor die persoon se dood, getroud was;
- (2) 'n individu met wie die persoon onmiddellik voor sy dood saamgewoon het asof hulle getroud was;
- (3) 'n ouer, kind, broer of suster van die persoon; of

- (4) indien daar geen naasbestaendes soos bedoel in paragraaf (1), (2) en (3) is nie, of die versoeker alle redelike stappe gedoen het om sodanige naasbestaendes op te spoor, maar nie daarin geslaag het nie, 'n individu wat in die tweede graad van verwantskap of bloedverwantskap familie is; en
- (5) indien die versoeker nie 'n naasbestaende is nie, het die versoeker die skriftelike toestemming van die naasbestaendes?

Indien "ja", kan toegang tot inligting nie geweier word nie - artikel 34(2)(e).

- (c)
 - (i) Gaan die versoek oor 'n individu se fisiese/geestesgesondheid of welsyn?
 - (ii) Is die individu onder die versoeker se sorg?
 - (iii) Is die individu onder die ouderdom van 18?
 - (a) OF - is die individu nie in staat om die aard van die versoek te verstaan nie?
 - (a) EN sou toegang in die individu se beste belang wees?

Indien "ja" op (i), (ii) en (iii), kan toegang nie geweier word nie - artikel 34(2)(d).

- (d)
 - (i) Het die individu ingestem om toegang tot die inligting te verleen?
 - (ii) Is die toestemming ingevolge artikel 48 verleen as 'n derde party wat in kennis gestel is?
 - (iii) Indien nie ingevolge artikel 48 nie, is toestemming skriftelik aan die versoeker verleen?

Indien "ja" op (i), (ii) of (iii), kan toegang nie geweier word nie - artikel 34(2)(a).

Stap 4

Indien geeneen van die bogenoemde van toepassing is nie

- (a) Sou 'n redelike persoon die bekendmaking van hierdie inligting as 'n onredelike bekendmaking van persoonlike inligting oor die individu beskou?
- (b) Is die inligting persoonlike inligting oor 'n derde party?
 - Persoonlike inligting sluit die volgende inligting (en soortgelyke inligting) oor 'n herkenbare individu in, maar sluit nie inligting oor 'n individu wat reeds meer as 20 jaar dood is, in nie, insluitende maar nie beperk nie tot-
 - (i) inligting oor die ras, geslag, swangerskap, huwelikstaat, nasionale, etniese of sosiale oorsprong, kleur, geslagsoriëntering, ouderdom, fisiese of geestesgesondheid, welsyn, ongeskiktheid, godsdienste, gewete, geloof, kultuur, taal en geboorte van die individu;

- (ii) inligting oor die opvoeding of die mediese, kriminele of indiensnemingsgeskiedenis van die individu, of inligting rakende finansiële transaksies waarby die individu betrokke was;
- (iii) enige identifiseerbare nommer, simbool of ander besonderheid wat aan die individu toegeskryf is;
- (iv) die adres, vingerafdrukke of bloedgroep van die individu;
- (v) persoonlike menings, beskouings of voorkeure van die individu, behalwe waar dit die menings, beskouings of voorkeure van 'n ander individu is of oor 'n voorstel vir 'n toelae, 'n toekenning of prys wat aan die ander individu toegeken gaan word;
- (vi) korrespondensie wat deur die individu gestuur is wat implisiet of eksplisiet van 'n privaat of vertroulike aard is, of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie sou verstrek;
- (vii) die menings of opinies van 'n ander individu oor die individu;
- (viii) die menings of opinies van 'n ander individu oor 'n voorstel vir 'n toelae, 'n toekenning of 'n prys wat aan die individu verleen gaan word, maar wat die naam van die ander individu uitsluit waar dit met die menings en opinies van die ander individu verskyn; en
- (ix) die naam van die individu waar dit met ander persoonlike inligting rakende die individu verskyn, of waar die bekendmaking van die naam op sigself inligting oor die individu sou verstrek.

Indien "ja" op (a) en (b), moet die derde party van die versoek in kennis gestel word - artikel 34(1) (kennisgewing artikel 47).

Stap 5

Oorweging van verhoë

(a) By ontvangs van verhoë deur 'n derde party:

- (i) Indien die derde party tot toegang instem, moet toegang verleen word - artikel 34(2)(a).
- (ii) Indien die derde party verhoë vir die weiering van toegang rig - oorweeg die verhoë:
 - (a) Bevat dit 'n geregverdigde/rasionele rede vir weiering?
 - (i) Indien wel, oorweeg om toegang te weier deur die inhoud van die rekord in aanmerking te neem.
 - (ii) Indien nie, oorweeg dit om toegang te verleen deur die inhoud van die rekord in aanmerking te neem.

(b) Indien geen antwoord hoegenaamd ontvang word nie, sou dit redelik wees om toegang tot die rekord te verleen/te weier gedagtig aan die inhoud van die rekord? Sou 'n redelike persoon toegang verleen of weier?

(c) Bepaal of daar enige ander gronde is ingevolge waarvan toegang verleen of geweier moet word en bepaal spesifiek of artikel 46 van toepassing is, voordat enige toegang verleen of geweier word - indien artikel 46 van toepassing is, moet toegang verleen word.

Artikel 35: Verpligte beskerming van sekere rekords van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID)

Stap 1 Bepaal wie die versoeker is.

- (a) Is dit 'n persoonlike versoeker?
- (b) Word die versoek namens 'n ander persoon deur die versoeker gedoen?
In watter hoedanigheid word die versoek gedoen?

Indien "ja" op (a) en (b), moet toegang verleen word - artikel 35(2). Indien "nee" op die bogenoemde - volg stap 2.

Stap 2 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Bevat die rekord inligting wat deur SAID verkry of behou word?
- (b) Is die inligting verkry of word die inligting behou met die doel om wetgewing rakende die invordering van inkomste toe te pas ingevolge artikel 1 van die SA Wet op Inkomstedienste?

Indien "ja" op die bogenoemde, stel die derde party in kennis (sien artikel 47).

Toegang moet geweier word tensy die derde party toestemming tot die verstrekking van inligting verleen - artikel 35(1).

Indien "nee" op die bogenoemde, moet toegang verleen word tensy daar 'n ander grond vir weiering is.

Artikel 36: Verpligte beskerming van handelsinligting van 'n derde party

Stap 1 Bepaal of die rekord 'n derde party betrek.

- (a) Gaan dit oor 'n persoon behalwe die versoeker?
- (b) Gaan dit oor 'n liggaam wat nie 'n openbare liggaam is nie?
Indien "ja" op (a) of (b), kan artikel 36 van toepassing wees.

Stap 2 Bepaal watter soort inligting dit is.

- (a) Is dit inligting wat reeds algemeen beskikbaar is?
 - (i) Het die derde party ingestem tot toegang?
 - (ii) Het die derde party toestemming verleen ingevolge artikel 48?
 - (iii) Of, indien nie ingevolge artikel 48 nie, word die toestemming skriftelik aan die versoeker verleen?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, moet toegang verleen word - artikel 36(2).

- (b) (i) Bevat die rekord die resultate van enige produk/omgewingstoets of ander ondersoek?
- (ii) Is hierdie inligting deur of namens 'n derde party voorsien/onderneem?
- (iii) Hou die bekendmaking 'n risiko vir openbare veiligheid of vir die omgewing in?
Om 'n openbare veiligheids- of omgewingsrisiko te bepaal:
 - (a) Hou dit 'n risiko of skade vir die omgewing of die publiek in (insluitende individue in hulle werkplek)?

- (b) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n produk of 'n diens wat vir die publiek beskikbaar is?
- (c) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n stof wat in die omgewing of werkplek vrygestel kan word?
- (d) Hou hierdie risiko verband met 'n stof wat vir menslike of dierlike verbruik bedoel is?
- (e) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervoermiddel?
- (f) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n installeringsproses of stof wat vir daardie installeringsproses gebruik word?
- (g) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervaardigingsproses of stof wat vir daardie vervaardigingsproses gebruik word?
 - * Is die resultate die resultate van 'n finale of voorlopige toets of ondersoek?

Indien "ja" op (i), (ii) en (iii) en finale toetse, kan toegang nie geweier word nie - artikel 36(2)(c) en artikel 36(3).

Indien "ja" op (i), (ii) en (iii) en 'n voorlopige toets, gebruik (e) en (f) om te besluit of dit redelik is om òf toegang te verleen òf te weier - artikel 36(3).

- * Is die ondersoek gedoen met die doel om toets- of ander ondersoekmetodes te ontwikkel?
- * Indien 'n voorlopige toets of ondersoek, of om metodes te ontwikkel, sal dit redelik wees om toegang te verleen?

Stap 3

Stel die inhoud van die rekord vas.

Indien enige van die volgende, moet die derde party in kennis gestel word (sien artikel 47) en toegang moet geweier word, tensy die derde party ingestem het (sien Stap 2(a), of tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 36(1).

- (a) Bevat die rekord handelsgeheime van 'n derde party?
- (b) (i) Bevat die rekord finansiële, handels-, wetenskaplike of tegniese inligting van 'n derde party?
 - (ii) Sal die bekendmaking waarskynlik die handels- of finansiële belange van 'n derde party skade aandoen?
- (c) (i) Word die inligting vertroulik deur 'n derde party verstrekk?
 - (ii) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking die derde party in kontraktuele of ander onderhandelings sal benadeel?
 - (iii) Of, is dit redelik om te verwag dat bekendmaking die derde party in kommersiële mededinging sal benadeel?

Artikel 37: Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting van derde party

Stap 1 Bepaal of die rekord 'n derde party betrek.

- (a) Gaan dit oor 'n persoon behalwe die versoeker?
- (b) Gaan dit oor 'n liggaam wat nie 'n openbare liggaam is nie?

Indien "ja", kan artikel 37 van toepassing wees.

Stap 2 Bepaal die soort inligting.

- (a) Is dit inligting wat reeds algemeen beskikbaar is?
- (b) (i) Het die derde party toestemming tot toegang verleen?
 - (ii) Het die derde party ingevolge artikel 48 toestemming verleen?
 - (iii) Of, indien nie ingevolge artikel 48 nie, word toestemming skriftelik aan die versoeker verleen?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, moet toegang verleen word - artikel 37(2).

Stap 3 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) (i) Het die liggaam 'n vertroulikheidsplig teenoor die derde party ingevolge 'n ooreenkoms?
 - (ii) Sal bekendmaking 'n aksie vir verbreking van 'n vertroulikheidsplig uitmaak?

Indien "ja" op die bogenoemde: kennisgewing aan die derde party (sien artikel 47) en toegang moet geweier word, tensy toestemming vir bekendmaking verleen word (sien Stap 2(b)) of anders is artikel 46 van toepassing - artikel 37(1)(a).

- (b) (i) Is die inligting vertroulik deur die derde party voorsien?
 - (ii) Is dit redelik om te verwag dat bekendmaking die toekomstige voorsiening van soortgelyke inligting of inligting van dieselfde bron sal benadeel?
 - (iii) Is dit in die openbare belang dat soortgelyke inligting of inligting van dieselfde bron steeds voorsien moet word?

Indien "ja" op al die bogenoemde: kennisgewing aan die derde party (sien artikel 47) en toegang moet geweier word tensy die derde party toestemming verleen (sien Stap 2(b)) of anders is artikel 46 van toepassing - artikel 37(1)(b).

Artikel 38: Verpligte beskerming van veiligheid van individue, eiendom

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Is dit redelik om te verwag dat bekendmaking die lewe/fisiese veiligheid van 'n individu in gevaar sal stel?

Indien "ja", moet toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 38(a).

(b) Sal bekendmaking waarskynlik die volgende benadeel of skade aandoen:

- (i) die sekuriteit van 'n gebou/struktuur/stelsel (bv. rekenaar- of kommunikasiestelsel?
- (ii) 'n vervoermiddel?
- (iii) enige ander eiendom?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 38(b)(i).

Indien "nee", kan toegang verleen word tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is.

(c) Sal die bekendmaking waarskynlik metodes/stelsels/planne/prosedures vir die beskerming van die volgende benadeel of skade aandoen:

- (i) 'n individu in 'n getuiebeskermingsprogram?
- (ii) die veiligheid van die publiek/deel van publiek?
- (iii) die veiligheid van eiendom?

Indien "ja" op die bogenoemde, kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 38(b)(ii).

Indien "nee", kan toegang verleen word tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is.

Artikel 39: Verpligte beskerming van polisie-dossiere in borgtog-aansoek, wetstoepassing en geregtelike verrigtinge

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

(a) Word toegang ingevolge artikel 60(14) van die Strafproseswet, 1977 verbied?

Indien "ja", moet toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 39(1)(a).

(b) (i) Bevat die rekord metodes/tegnieke, prosedures/riglyne vir die voorkoming/opsporing/beperking/ondersoek of oortreding/ moontlike oortreding van die Wet?

(ii) (a) Is dit redelik om te vermoed dat bekendmaking die doeltreffendheid van hierdie metodes/tegnieke/ prosedures of riglyne sal benadeel?

(b) Of, is dit redelik om te vermoed dat bekendmaking tot 'n omseiling van die Wet sal lei, of die bedryf van 'n oortreding sal vergemaklik?

Indien "ja" op beide (b)(i) en (b)(ii)(a) of (b), dan kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 39(1)(b).

Indien "nee" op albei of een van die bogenoemde (b)(i) en (b)(ii)(a) of (b), dan kan toegang verleen word tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is - artikel 39(1)(b).

(c) (i) Bevat die rekord metodes/tegnieke, prosedures/riglyne vir die vervolging van beweerde oortreders?

- (ii)(a) Is dit redelik om te vermoed dat bekendmaking die doeltreffendheid van hierdie metodes/tegnieke/prosedures/riglyne sal benadeel?
- (b) Of, is dit redelik om te vermoed dat bekendmaking tot die omseiling van die Wet sal lei of 'n oortreding sal vergemaklik?

Indien "ja" op beide (c)(i) en (c)(ii)(a) of (c)(ii)(b), dan kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 39(1)(b).

Indien "nee" op albei of een van die bogenoemde (c)(i) en (c)(ii)(a) of (c)(ii)(b), dan kan toegang verleen word tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is - artikel 39(1)(b).

- (d) (i) Is die vervolging van 'n beweerde oortreder tans in voorbereiding/gereed/ gereed om te begin/in afwagting?
- (ii) (a) Is dit redelik om te verwag dat bekendmaking vervolging sal verhinder? OF
- (b) Is dit redelik om te verwag dat bekendmaking tot 'n onreg in daardie vervolging sal lei? OF
- (c) Is dit redelik om te verwag dat bekendmaking die ondersoek van 'n oortreding/moontlike oortreding van die Wet sal benadeel wat binnekort in werking gaan tree/reeds in werking is/en indien opgeskort of beëindig, waarskynlik hervat sal word?
- (d) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking die identiteit van 'n vertroulike bron van inligting in verband met die Wetstoepassing of beheer van die Wet sal openbaar, of 'n persoon in staat sal stel om dit te openbaar (byvoorbeeld 'n informant)?
- (e) Sal dit redelik wees om te verwag dat bekendmaking tot intimidering/dwang/ van 'n getuie of 'n persoon sal lei wat as 'n getuie geroep mag word of geroep is, in kriminele of ander prosedures om die Wet toe te pas?
- (f) Sal dit redelik wees om te verwag dat bekendmaking die bedryf van 'n oortreding van die Wet sal vergemaklik (byvoorbeeld die ontsnapping uit wettige aanhouding)?
- (g) Sal dit redelik wees om te verwag dat bekendmaking die regverdigheid van 'n verhoor of die onpartydigheid van beregting sal benadeel of belemmer?

Indien "ja" op (d)(i) en enige van (d)(ii), kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 39(1)(b)(iii).

Indien "nee" op (d)(i) of die hele (d)(ii), kan toegang verleen word tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is - artikel 39(1)(b)(iii).

- (e) Bestaan die rekord uit inligting rakende die algemene toestande van aanhouding van persone in hegtenis?

Indien "ja", dan mag toegang nie geweier word nie, tensy 'n ander grond vir weiering van toepassing is - artikel 39(2).

Stap 2 Bepaal of die bestaan of nie-bestaan van 'n rekord ontken moet word

- (a) Moet of kan toegang tot die rekord ingevolge artikel 39(1)(a) of (b) geweier word?
- (b) Sal die bekendmaking van die bestaan of nie-bestaan van die rekord waarskynlik die skade bedoel in Stap 1, veroorsaak?

Indien "ja" op albei vrae, kan die AIB weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig ontken - artikel 39(3).

Maak seker dat daar aan die verdere vereistes vir die artikel 25(3)-kennisgewing voldoen word - artikel 39(3)(b).

Artikel 40: Verpligte beskerming van bevoorregte rekords in geregtelike verrigtinge

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Is dit 'n bevoorregte rekord in geregtelike verrigtinge?
- (b) Is dit 'n prokureur-/kliëntbevoorregting?
- (c) Het die kliënt van die bevoorregting afstand gedoen?

Indien "ja" op (a) en (b) en "nee" op (c), dan moet toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 40.

Artikel 41: Verdediging, sekuriteit en internasionale verhoudings van die RSA

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Hou die rekord verband met militêre taktieke of strategie of militêre oefeninge of operasies wat ter voorbereiding van vyandelikhede of in verband met die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite onderneem word?
- (b) Hou die rekord verband met die hoeveelheid, eienskappe, vermoë, vatbaarheid of ontplooiing van:
 - (i) wapens of enige ander toerusting wat gebruik word vir die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite?
 - (ii) enigiets wat ontwerp, ontwikkel, vervaardig of oorweeg word vir gebruik as wapens of ander sodanige toerusting?
- (c) Hou die rekord verband met die eienskappe, vermoë, vatbaarheid, verrigting, potensiaal, ontplooiing of funksies van:
 - (i) enige militêre mag, eenheid of personeel?
 - (ii) enige liggaam of persoon wat verantwoordelik is vir die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite?
 Om te bepaal of dit ondermynende of vyandelike aktiwiteite is:
 - Hou die inligting verband met aggressie teen die RSA?

- Hou die inligting verband met sabotasie of terrorisme wat op die mense van die RSA gemik is, hetsy binne of buite die RSA?
 - Hou die inligting verband met sabotasie of terrorisme wat op 'n strategiese bate van die RSA gemik is, binne of buite die RSA?
 - Hou die inligting verband met 'n aktiwiteit wat daarop gemik is om die grondwetlike orde van die RSA te verander deur die gebruik van geweld?
 - Hou die inligting verband met 'n vreemde of vyandelike intelligensie-operasie?
- (d) Word die rekord gehou vir intelligensiedoeleindes rakende:
- (i) die verdediging van die Republiek?
 - (ii) die opsporing, voorkoming, onderdrukking of beperking van ondermynende of vyandelike aktiwiteite? OF
 - (iii) 'n ander staat of internasionale organisasie wat deur of namens die Republiek gebruik word in die proses van oorleg en raadpleging in die bestuur van internasionale sake?
- (e) Bevat die rekord inligting oor metodes van, en wetenskaplike of tegniese toerusting vir die insameling, evaluering of hantering van inligting waarna daar in paragraaf (d) verwys word?
- (f) Bevat die rekord inligting oor die identiteit van 'n vertroulike bron en enige ander bron van inligting waarna daar in paragraaf (d) verwys word?
- (g) Bevat die rekord inligting oor die posisie wat deur die Republiek, ander staat of 'n internasionale organisasie ingeneem word, of ingeneem gaan word met die oog op huidige of toekomstige internasionale onderhandelinge?
- (h) Maak die rekord grondwetlike, diplomatieke korrespondensie uit wat met 'n ander staat of internasionale organisasie gevoer is of amptelike korrespondensie wat tussen diplomatieke missies of konsulêre poste van die Republiek gevoer is?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, of indien die rekord met enige soortgelyke inligting verband hou, dan is artikel 41 dalk van toepassing.

Stap 2 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking die verdediging van die RSA sal benadeel?
- (b) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking die veiligheid van die RSA sal benadeel?

Indien "ja", kan toegang geweier word, tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 41(1)(a).

- (c) (i) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking die internasionale verhoudings van die RSA sal benadeel?
- (ii) Hoe oud is die rekord?

Indien "ja" op (c)(i) en indien die rekord minder as 20 jaar oud is, dan kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 41(1)(a)(iii).

Indien die rekord ouer is as 20 jaar mag toegang nie geweier word nie - artikel 41(3).

- (d) (i) Sal die rekord inligting verstrek wat vertroulik deur of namens 'n ander staat verskaf is?
- (ii) (a) Sal die rekord inligting verstrek wat vertroulik deur 'n internasionale organisasie verskaf is?
- (b) Is die internasionale organisasie 'n organisasie van state?
- (c) Of is dit 'n organisasie wat deur die regerings van state daargestel is?
- (iii) (a) Sal die rekord inligting verstrek wat deur of namens die RSA aan 'n ander staat of 'n internasionale organisasie verskaf is (let op (ii)(b) en (c))?
- (b) Is dit deur of namens die RSA verskaf ingevolge 'n reëling of internasionale ooreenkoms (sien artikel 231 van die Grondwet) met daardie staat of internasionale organisasie wat vereis dat die inligting vertroulik bly?
- (iv) Sal die rekord inligting verstrek wat vertroulik moet bly ingevolge 'n internasionale ooreenkoms of gewoontereg (sien artikel 231 of 232 van die Grondwet)?

Indien "ja" op enige van die vrae onder (c), dan kan toegang geweier word tensy artikel 46 van toepassing is - artikel 41(1)(b).

Stap 3 Bepaal of die bestaan of nie-bestaan van die rekord ontken behoort te word.

- (a) Kan toegang tot die rekord ingevolge artikel 41(1)(a) of (b) geweier word?
- (b) Sal die bekendmaking van die bestaan of nie-bestaan van die rekord waarskynlik die skade soos bedoel in Stap 1, veroorsaak?

Indien "ja" op albei vrae, kan die AIB weier om die bestaan of nie-bestaan van die rekord te bevestig of te ontken - artikel 39(3).

Maak seker dat daar aan die verdere vereistes vir die artikel 25(3) kennisgewing voldoen word - artikel 39(3)(b).

Artikel 42: Ekonomiese belange en finansiële welsyn van die RSA en handelsaktiwiteite van openbare liggame

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Bevat die rekord inligting oor 'n beoogde verandering in, of handhawing van, 'n beleid wat die volgende aansienlik raak:
- (i) geldeenheid?
- (ii) muntstelsel?
- (iii) wettige betaalmiddele?
- (iv) wisselkoers?
- (v) buitelandse belegging?

- (b) Bevat die rekord inligting rakende 'n beoogde verandering in, of 'n besluit oor nie-verandering van:
- (i) krediet of rentekoerse?
 - (ii) doeane- en aksynsregte?
 - (iii) belasting?
 - (iv) 'n ander inkomstebron?
 - (v) regulering/toesighouding oor finansiële instellings?
 - (vi) die aangaan van regeringslenings?
 - (vii) die regulering van pryse van goedere of dienste?
 - (viii) die regulering van huurgelde?
 - (ix) die regulering van lone, salarisse of ander inkomste?
- (c) Bevat die rekord inligting rakende 'n beoogde verkoop of verkryging van vaste eiendom of roerende eiendom?
- (d) (i) Bevat die rekord inligting rakende 'n beoogde internasionale handelsooreenkoms?
- (ii) Bevat die rekord inligting rakende 'n ooreenkoms of beoogde ooreenkoms om die volgende oor te dra:
- enige belang in of regte op aandele in die kapitaal van 'n openbare liggaam aan enige persoon wat nie 'n openbare liggaam bedoel in paragraaf (a) of (b)(i) van die woordomskrywing van "openbare liggaam" in artikel 1 van die wet, is nie?
- (iii) Is hierdie openbare liggaam 'n openbare liggaam wat nie in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering is nie?
- (iv) Is hierdie openbare liggaam 'n openbare liggaam wat nie 'n funksionaris of instelling ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet is nie?
- (e) Bevat die rekord handelsgeheime van die Staat of 'n openbare liggaam?
- (f) Bevat die rekord finansiële/handels-/wetenskaplike/tegniese inligting?
- (g) Is die verlangde rekord 'n rekenaarprogram in die besit van die Staat of 'n openbare liggaam?

Indien die antwoord op enige van die bogenoemde "ja" is, dan is artikel 42 dalk van toepassing.

Stap 2

Bepaal die soort rekord.

- (a) Is die rekord reeds algemeen beskikbaar?
- (b) (i) Gaan die inligting in die rekord oor, of wat behoort aan, 'n ander openbare liggaam as die openbare liggaam aan wie die versoek gerig is?
- (ii) Het die ander openbare liggaam skriftelik toestemming vir die bekendmaking aan die versoeker verleen?

Indien die antwoord op (a) of (b)(i) en (ii) "ja" is, kan toegang nie geweier word nie.

- (c) (i) Bevat die rekord die resultate van enige produk- of omgewingstoets of ander ondersoek?

- (ii) Is hierdie inligting verskaf deur of onderneem deur, of namens 'n openbare liggaam?
- (iii) Sal die bekendmaking daarvan 'n ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko aan die lig bring?

Hoe om 'n openbare veiligheids- of omgewingsrisiko te bepaal:

- (i) Hou dit 'n risiko vir die omgewing of die publiek in (insluitende individue in hulle werkplek), of kan dit die omgewing of publiek skade aandoen?
- (ii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n produk of diens wat aan die publiek beskikbaar is?
- (iii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n stof wat in die omgewing of werkplek vrygestel kan word?
- (iv) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n stof wat vir menslike of dierlike verbruik bedoel is?
- (v) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervoermiddel?
- (vi) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n installeringsproses of stof wat in die installeringsproses gebruik word?
- (vii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervaardigingsproses of stof wat in daardie vervaardigingsproses gebruik word?
- (viii) Is die resultate van die finale of voorlopige toets of ondersoek?

Indien "ja" op (i), (ii) en (iii) en finale toetse, kan toegang nie geweier word nie - artikel 36(2)(c) en artikel 36(3).

Indien "ja" op (i), (ii) en (iii) en voorlopige toets, gebruik (v) en (vi) om te besluit of dit redelik is om toegang te verleen of te weier - artikel 36(3).

- (ix) Is die ondersoek gedoen om toetsmetodes te ontwikkel of vir die doeleindes van 'n ander ondersoek?
- (x) Indien voorlopige toetsing of ondersoek, of om metodes te ontwikkel, sal dit redelik wees om toegang te verleen?

Let asseblief daarop dat indien 'n versoek toegestaan word en toetsing of 'n ander ondersoek deur of namens die openbare liggaam onderneem word, moet die versoeker van 'n skriftelike verduideliking van die metodes wat gebruik is om die toetsing of ander ondersoek te onderneem, voorsien word.

- (d) Sal die bekendmaking van die rekord waarskynlik die ekonomiese belange of finansiële welvaart van die RSA wesenlik in gevaar stel?

Indien "ja", kan toegang geweier word - artikel 42(1).

- (e) Sal die bekendmaking waarskynlik die vermoë van die regering om die ekonomie van die RSA doeltreffend te bestuur in die beste belang van die RSA wesenlik in gevaar stel?

Indien "ja", kan toegang geweier word - artikel 42(1).

- (f) Bevat die rekord handelsgeheime van die Staat of 'n openbare liggaam?
- (g) Bevat die rekord finansiële/handels-/wetenskaplike/tegniese inligting?
- (h) Is die verlangde rekord 'n rekenaarprogram in besit van die Staat of 'n openbare liggaam?

Indien die antwoord op (f), (g) en (h) "ja" is, kan toegang geweier word - artikel 42(3).

- (i) Sal die inligting op die rekord, indien dit bekendgemaak word, waarskynlik:
 - (a) 'n openbare liggaam ten opsigte van kontraktuele of ander onderhandelinge, benadeel?
 - (b) 'n openbare liggaam in handelsmededinging, benadeel?

Indien die antwoord op (i)(a) en (b) "ja" is, kan toegang geweier word - artikel 42(3).

Artikel 43: Verpligte beskerming van navorsingsinligting van 'n derde party, en beskerming van navorsingsinligting van 'n openbare liggaam

Stap 1 Bepaal die soort rekord.

- (a) Bevat die rekord inligting oor navorsing wat gedoen word of gedoen sal word?
- (b) Word hierdie navorsing wat gedoen word of gedoen sal word namens of deur 'n derde party gedoen?

Indien "ja", dan moet die derde party van die versoek in kennis gestel word en die geleentheid gebied word om verhoër rakende die versoek te rig (kennisgewing - artikel 47).

- (c) Word hierdie navorsing wat gedoen word of gedoen sal word, deur of namens 'n openbare liggaam gedoen?

Indien "ja" op (a) en (b) of (c), kan artikel 43 op die rekord van toepassing wees.

Stap 2 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Sal die bekendmaking van die rekord waarskynlik die volgende blootstel en ernstig benadeel -
 - (i) die derde party? OF
 - (ii) 'n persoon wat die navorsing namens die derde party doen of sal doen? OF
 - (iii) die onderwerp van die navorsing?

Indien die antwoord op (a) en enige van (i), (ii) of (iii) "ja" is, moet toegang tot die rekord geweier word - artikel 43(1) – tensy artikel 46 van toepassing is of die derde party ingestem het dat toegang tot die rekord verleen moet word.

- (b) Sal die bekendmaking van die rekord waarskynlik die volgende blootstel en ernstig benadeel -
- (i) die openbare liggaam? OF
 - (ii) 'n persoon wat die navorsing namens die openbare liggaam doen of sal doen? OF
 - (iii) die onderwerp van die navorsing?

Indien die antwoord op (b) en enige van (i), (ii) of (iii) "ja" is, kan toegang tot die rekord geweier word - artikel 43(2) tensy artikel 46 van toepassing is.

Artikel 44: Handeling van openbare liggame

Stap 1 Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Bevat die rekord 'n verslag oor, of 'n verklaring van redes wat ooreenkomstig artikel 5 van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid verstrek moet word?

Indien "ja", kan toegang tot die rekord nie geweier word nie - artikel 44(4)

- (b) Bevat die rekord:
- (i) 'n opinie wat verkry of voorberei is?
 - (ii) advies wat ingewin of voorberei is?
 - (iii) 'n verslag wat verkry of voorberei is?
 - (iv) 'n aanbeveling wat verkry of voorberei is?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, kan toegang geweier word - artikel 44(1)(a)(i) tensy artikel 46 van toepassing is, of indien die rekord ouer as 20 jaar is (artikel 44(3)), mag toegang nie geweier word nie.

- (c) (i) Bevat die rekord 'n verslag oor 'n konsultasie, bespreking of oorleg wat plaasgevind het (insluitende die notule van 'n vergadering)?
- (ii) Is hierdie verslag bedoel om met die formulering van beleid behulpsaam te wees? OF
- (iii) Is hierdie verslag bedoel vir besluitneming in die uitoefening van 'n bevoegdheid of verrigting van 'n plig wat deur wet opgedra of neergelê is?

Indien "ja" op (i) en (ii) of (iii), kan toegang geweier word - artikel 44(1)(a)(ii) tensy artikel 46 van toepassing is. Indien die rekord ouer is as 20 jaar (artikel 44(3)), mag toegang nie geweier word nie.

- (d) (i) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking van die rekord die beraadslagende proses in 'n openbare liggaam sal verydel? OF
- (ii) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking van die rekord die beraadslagende proses tussen openbare liggame sal verydel?
- (iii) Sal die bekendmaking die openhartige mededeling van 'n opinie/ advies/verslag/aanbeveling verhinder?

- (iv) Sal die bekendmaking verhinder dat 'n openhartige konsultasie/bespreking/beraadslaging plaasvind?

Indien "ja" op (i) of (ii) en (iii) of (iv), kan toegang geweier word - artikel 44(1)(b)(i) tensy artikel 46 van toepassing is, of indien die rekord ouer is as 20 jaar (artikel 44(3)), kan toegang nie geweier word nie.

- (e) (i) Sal die bekendmaking van die rekord 'n voortydige bekendmaking van 'n beleid/beoogde beleid beteken?
 (ii) Is dit redelik om te verwag dat sodanige bekendmaking die sukses van daardie beleid in die wiele sal ry?

Indien "ja" op beide (i) en (ii), kan toegang geweier word - artikel 44(1)(b)(ii) tensy artikel 46 van toepassing is, of indien die rekord ouer as 20 jaar is (artikel 44(3)), kan toegang nie geweier word nie.

- (f) Is dit redelik om te verwag dat die bekendmaking van die rekord die doeltreffendheid van 'n toets-/ondersoek-/ouditprosedure of -metode wat deur 'n openbare liggaam gebruik word, in gevaar sal stel?

Indien "ja", kan toegang geweier word - artikel 44(2)(a) tensy artikel 46 van toepassing is

- (g) (i) Bevat die rekord waardeoordelende materiaal?
 (ii) Bestaan die waardeoordelende materiaal uit 'n evaluering of opinie wat voorberei is met die doel om die geskiktheid, paslikheid of kwalifikasies van die persoon met wie die evaluering of opinie verband hou te bepaal:
 (i) vir indiensneming of aanstelling in 'n amp;
 (ii) vir bevordering in diens of 'n amp of vir voortgesette indiensneming of amp;
 (iii) vir verwydering uit indiensneming of amp; of
 (iv) vir die toekenning van 'n studiebeurs, toekenning, beurs, eerbewys of soortgelyke voordeel; of
 (iii) Sal enige studiebeurs, toekenning, beurs, eerbewys of soortgelyke voordeel mee voortgegaan, aangepas, gekanselleer of hernu moet word?
 (iv) Sal die bekendmaking van sodanige waardeoordelende materiaal 'n uitdruklike of geïmpliseerde belofte verbreek?
 (v) Is hierdie uitdruklike of geïmpliseerde belofte aan die persoon gemaak wat die materiaal verskaf het? en
 (vi) Is hierdie uitdruklike of geïmpliseerde belofte gemaak te dien effekte dat die materiaal en/of identiteit van die persoon wat die gegewens verskaf het, vertroulik sal wees?

Indien "ja" op al die bogenoemde, kan toegang geweier word - artikel 44(2)(b) tensy artikel 46 van toepassing is.

- (h) Bevat die rekord 'n voorlopige/werks-/ander konsep van 'n amptelike of 'n openbare liggaam?

Indien "ja", kan toegang geweier word - artikel 44(2)(c) tensy artikel 46 van toepassing is.

Artikel 45: Klaarblyklik ligsinnige of lastige versoeke, of wesenlike en onredelike wegkering van hulpmiddele

Stap 1 Bepaal die soort versoek.

- (a) Is die versoek om toegang tot die rekord(s) klaarblyklik ligsinnig?
- (b) Is die versoek om toegang tot die rekord(s) klaarblyklik lastig?

Indien "ja" op iedereen, kan toegang geweier word - artikel 45(a) tensy artikel 46 van toepassing is.

Stap 2 Bepaal die impak van die versoek.

Sal die werk wat by die verwerking van die versoek betrokke is, die hulpmiddele van die openbare liggaam wesenlik en onredelik wegkeer?

Indien "ja", kan toegang geweier word - artikel 45(b) tensy artikel 46 van toepassing is.

Artikel 46: Verpligte bekendmaking in openbare belang

Stap 1 Bepaal of toegang ingevolge enige ander grond vir weiering geweier moet of kan word.

- (a) Moet toegang ingevolge artikel 34(1) geweier word - beskerming van privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is?
- (b) Moet toegang ingevolge artikel 36(1) geweier word - beskerming van handelsinligting van 'n derde party?
- (c) Moet of kan toegang ingevolge artikel 37(1)(a) of (b) geweier word - beskerming van vertroulike inligting van 'n derde party?
- (d) Moet of kan toegang ingevolge artikel 38(a) of (b) geweier word - beskerming van veiligheid van individue en beskerming van eiendom?
- (e) Moet of kan toegang ingevolge artikel 39(1)(a) of (b) geweier word - beskerming van polisie-dossiere in borgtogprosedures en beskerming van wetstoepassing en geregtelike verrigtinge?
- (f) Moet toegang ingevolge artikel 40 geweier word - beskerming van bevoorregte rekords in geregtelike verrigting?
- (g) Kan toegang ingevolge artikel 41(1)(a) of (b) geweier word - verdediging, sekuriteit en internasionale verhoudings van die RSA?
- (h) Kan toegang ingevolge artikel 42(1) of (3) geweier word? - ekonomiese belange en finansiële welvaart van die RSA en handelsfasiliteite van openbare liggame?

- (i) Kan of moet toegang ingevolge artikel 43(1) of (2) geweier word - beskerming van navorsingsinligting van 'n derde party of 'n openbare liggaam?
- (j) Kan toegang ingevolge artikel 44(1) of (2) geweier word - aktiwiteite van openbare liggame?
- (k) Kan toegang ingevolge artikel 45 geweier word - klaarblyklik ligsinnige of lastige versoeke, of wesenlike en onredelike wegkering van hulpmiddele?

Indien "ja" op enige van die bogenoemde, kan artikel 46 van toepassing wees.

Stap 2

Bepaal die inhoud van die rekord.

- (a) Sal die bekendmaking bewys van 'n wesenlike oortreding van die Wet aan die lig bring?
- (b) Sal die bekendmaking 'n versuim om aan die Wet te voldoen, aan die lig bring?
- (c) Is die openbare belang rakende die bekendmaking van die rekord baie duidelik meer van belang as die skade bedoel in die betrokke bepaling (grond vir weiering) ingevolge waarvan toegang geweier moet of kan word?

Indien "ja" op (a) of (b) en (c), moet toegang verleen word, selfs al moet of kan toegang ingevolge 'n ander grond vir weiering geweier word.

- (d) Sal die bekendmaking bewys van 'n naderende en ernstige openbare veiligheidsrisiko aan die lig bring?
- (e) Sal die bekendmaking bewys van 'n naderende en ernstige omgewingsrisiko aan die lig bring?
Om 'n openbare veiligheids- of omgewingsrisiko te bepaal:
 - (i) Bestaan daar 'n risiko vir die omgewing of die publiek of kan die omgewing of publiek skade aangedoen word (insluitende individue in hulle werkplek)?
 - (ii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n produk of diens wat aan die publiek beskikbaar is?
 - (iii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n stof wat in die omgewing of werkplek vrygestel kan word?
 - (iv) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n stof wat vir menslike of dierlike verbruik bedoel is?
 - (v) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervoermiddel?
 - (vi) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n installeringsproses of stof wat in daardie installeringsproses gebruik word?
 - (vii) Hou hierdie risiko of skade verband met 'n vervaardigingsproses of stof wat vir daardie vervaardigingsproses gebruik word?

- Is die openbare belang ten opsigte van die bekendmaking baie duidelik van meer belang as die skade bedoel in die betrokke bepaling (grond vir weiering) ingevolge waarvan toegang geweier kan of moet word?

Indien "ja" op (d) of (e), moet toegang verleen word, selfs al kan of moet toegang ingevolge 'n grond vir weiering geweier word.